

AANKONDIGINGE

Nuwe lidmate

Baie welkom aan die volgende nuwe lidmate by Stellastraat –
Gustav Heymann van Rooiribbokstraat 298, Waterkloofrif.

Indien jy 'n lidmaat wil word, kan jy na die ere diens die predikant by die Nagmaaltafel ontmoet en jou inligting in die Nuwe Lidmate boek invul.

Jy kan ook die kerkkantoor skakel 012 460 8570.



Verjaarsdae 1 Maart - 7 Maart

Ons wens graag die volgende lidmate
geluk met hul verjaarsdae!

1 Maart

Chris Havenga
Marzaan Human
Megan Kriel
Sean Labuschagne
Ruan Lombaard
Anton Lourens (jnr)
Esther Maré
Marnes Mulder
Hannalie Odendaal
Frans Olivier
Nicolai Pretorius
De Klerk Scholtz

2 Maart

Marique du Toit
Johannes Mentz
Bennie Pieterse

3 Maart

Niencke Bloem
Wilhelm Groenewald
Cecile Hechter
Lynette King
Almon Maré

4 Maart

Daniëlle Niemand
Joshua Niemand
Karien Roos
Linda Steyn
Stefanie Wannenburg

5 Maart

Cari Billman
Emma Coetzee
Niël du Preez
Anton Lombard
Delmi Tucker
Mimi Uys
Christa van der Merwe
Inge van der Merwe
Jacolien Venter
Yvonne Wakeford
Wiltus Wessels

6 Maart

Lizelle Fletcher
Bartel Pretorius
Janci Prinsloo
Franz Rutkamp
Jean van Schalkwyk
Anton Verster

7 Maart

Wickus Botha
Franciscus Crouse
Isabel de Beer
Riëtta du Plessis
Neil Grobbelaar
Wynand Jacobs
Mia Lambrechts
Nanette Lombaard
Anton Lourens
Sias Meyer
Vanessa Mohr
Mina Oosthuizen
Scholtz Pistorius
Ilse Potgieter
Charl Viljoen
Don Walker

Erediensversorgers - 8 Maart

08:30	10:00	18:00
Neels Campher (Koördineerder) Poets van der Vyver Gustie van der Vyver Kotie Perold Magdaleen du Plooy Zettie Campher Faan Grundlingh Neil Sapsford	Lourie Yssel (Koördineerder) Anton Lourens Graad 1	Danie Hoffman (Koördineerder) Estelle du Plooy Graad 9

Deurdiens - 8 Maart

08:30	10:00	18:00
Bennie & Ria Coetzee	Lianda Kruger Graad 1	Willem Wannenburg Graad 9

Teespan - 8 Maart & 15 Maart

8 Maart	
08:30	10:00
Lizelle & Olaf Larson Anna Maria & André Laas Lita & Heinrich Regenass Elma de Bruin	Haya & Cobus van Marle Saré Grobler
15 Maart	
08:30	10:00
Suzette & Breaan Spies Martha & Eugene Kok Johwilna & Mike Krynauw Werner Erasmus	Caritas Omgeegroep

NG Gemeente Stellastraat

Tel: 012 460 8570

Faks: 086 480 7844

Epos: info@stellastraat.co.za

Stellastraat 158

Waterkloof
0181

www.stellastraat.co.za

Bankbesonderhede:

Bank - ABSA
Tjekrekeningnommer
540 580 022
Takkode - 632 005



Uitreik 2020 – dankie dat jy nie eenkant toe staan nie!

Hoe maak ek en jy die wêreld 'n beter plek? Ons vra die vraag te min. En ons dink ook nie genoeg oor die antwoord nie. Die staande praktyk (*default mode*) is dat ons, ons eie wêreld altyd probeer mooier maak, maar dat ons van betaalde instansies soos die regering, die stadsraad of die kerk verwag om alles wat openbare besit is, te verbeter.

Uitreik beteken om uit jou gemaksonne te beweeg na die markplein, waar daar baie sorgbehoewendheid bestaan, en om die liefde van jou geloof daar te gaan 'neersit'. Om jou oë toe te maak vir ander se nood, is nie 'n ingesteldheid wat in die christelike geloof tuis hoort nie.

Stellastraat se uitreik is ons almal se kollektiewe poging om êrens iemand se lewensomstandighede te verbeter. Of dit nou kindertjies in 'n kleuterskool is wie se ouers brandarm is, of bejaarde mense wie se pensioen totaal ontoereikend geword het, dit maak nie saak nie. Ons gee omdat ons wil. Ons help omdat ons kan. Ons reik uit omdat God wat na ons uitreik, ons daartoe inspireer. So vergestalt die koninkryk van God elke dag.

Vir elkeen van ons is daar 'n geleentheid om mee te doen aan Stellastraat se 2020-uitreik. Jy kan dit doen deur êrens deel van 'n projek te word, of jy kan sê vanjaar kan ek help met 'n paar rand. Dankie, dat jy nie eenkant toe staan nie!

Operasie Restorasie 7 Maart – kom help om 'n verskil te maak!

Met hierdie jaar se Operasie Restorasie gaan ons 'n verskil maak by een van PEN-bediening se projekte. Ons gaan verf en opknappingswerk by Bethesda Drop-in sentrum doen. Ons vertrek 7 Maart om 08:00 vanaf die kerk en behoort net na middagete terug te wees. Trek klere aan wat kan vuil word en bring 'n beker saam. Almal is welkom! Laat weet vir die kerkkantoor of Fay as jy saam kom. Indien jy kan help met vervoer, worsbraai of skenkings van saailinge of tuingereedskap kontak asseblief vir Fay.

Kan jy op R15 'n dag oorleef? Dollar-'n-dag uitdaging

Sowat 1,1 miljard mense op aarde moet oorleef op 'n inkomste van een dollar per dag of minder. 'n Groep Stellastraters gaan poog om dit vir bietjie minder as 'n week te doen. Ons gaan van 2-7 Maart probeer om teen R15 per dag te eet. Vir die van die groep wat volgende Saterdag se Operasie Restorasie bywoon sal die 5 dag uitdaging met 'n worsbroodjie eindig. Vir meer inligting of om aan hierdie ervaring deel te neem stuur gerus 'n boodskap aan Fay (083 478 0854) voor Sondagmiddag.

Eredienstye	1 Maart 2020	8 Maart 2020
08:30 Erediens	James Kirkpatrick	Anton Pienaar
10:00 Erediens	Tienie Bosman	Fay van Eeden
15:00 Faith Community	Peter Maruping	Peter Maruping
18:00 Erediens	Fay van Eeden	Tienie Bosman
18:00 Adoramus	Anton Pienaar	Anton Pienaar

Datums om dop te hou!

1 Maart 2020
1ste Lydensweek
Uitreiksondag
19:00 Soeklig

4 Maart 2020
09:00 Bybellees

6 Maart 2020
Wêreldbiddag vir vroue

7 Maart 2020
Operasie Restorasie

8 Maart 2020
2de Lydensweek
19:00 Soeklig

11 Maart 2020
09:00 Bybellees
19:00 Bottel-
en bordaand

15 Maart 2020
3de Lydensweek
19:00 Soeklig

18 Maart 2020
09:00 Bybellees

20 Maart 2020
Skole sluit

Veels
geluk!

Soeklig vanaand 19:00 – Is God 'n moordenaar?



Vanaand 19:00 in die bo-vertrek, gaan die soeklig fokus op Rigters 6-11. Van die moeilikste tekste oor geweld wat ons in die Bybel kry, kom in dié Bybelgedeelte voor. Ons verkondig dan dat God liefde is, maar dié hoofstukke van Rigters stem mens onrustig. Erika Barnard wat 'n akademiese skripsie oor die spesifieke teksgedeelte gedoen het, gaan ons vertel wat haar navorsing oor die onderwerp opgelewer het.

Bybellees Woensdag 09:00 – As die Here wil?

Is ons nie ydel as ons elke keer sê: "Ek sal die kant toe af daai kant toe gaan as die Here wil"? Het ek dan geen wil van my eie nie? Waarom het die skrywer van die Jakobusbrief dié formidabele uitdrukking aan ons nagelaat? Ons kom soos altyd in die konsistorie bymekaar.

Jeugvriendelike gemeentes – kom praat en luister saam

'n Ringsbyeenkoms word op 5 Maart 2020 vanaf 18:30 by Lynnwood Gemeente gehou. Die tema is: *Jeugvriendelike gemeentes wat nie vasdraai in die kultuurstrikke van ons tyd nie, maar 'n vrugbare ruimte bied waar kinders, jongmense en volwassenes as deel van die geheel gevorm word om deel te wees van en deel te neem aan die koms van die koninkryk.*

Ds. Johan Avenant sal by die geleentheid as inleier en fasiliteerder optree. Ons wil soveel as moontlik verteenwoordigers uit die gemeente by die geleentheid saamtrek. Daarom wil ons jou ook graag uitnooi. 'n Ligte ete sal bedien word. Laat weet asseblief vir Tienie (083 627 5086) voor of op 2 Maart of jy die byeenkoms gaan bywoon.

Projek **Plus 1** vra weer dat jy daardie ekstra bord kos na die kerk sal bring, sodat ons vir persone wat met honger aanklop by die kerk kan gee. Jy kan gerus in die binnehoof 'n melamienbord neem as jy daarmee wil help.



Wêreldbiddag vir vroue

"Staan op! Neem jou slaapmat en loop" so is Jesus se opdrag ook vir jou. Jy word hartlik genooi na die 90ste Wêreldbiddag viering met gebed en musiek op **Vrydag 6 Maart om 10:00 by Groenkloof NG Kerk**, van Wouwstraat 75.

Die tema is voorberei deur die vroue van Zimbabwe.

Spreker: Dr Bernice Serfontein. Navrae: Magda van Graan 082 413 7185.

Wat van dié wat agterbly? Bittel- en bordaand 11 Maart

Op Woensdag 11 Maart gaan ons praat oor almal wat agterbly. Daar is so baie gesinne wie se kinders, ouers of familie na die buiteland ge-emigreer het. Wat gebeur met die wat agterbly? Dr Sulette Ferreira is 'n kundige wat met emigrasie werk en het baie navorsing gedoen oor die onderwerp. Tydens die bittel-en bordaand van 11 Maart gaan Sulette vir ons vertel wat die afgelope dekade gebeur het, en hoe mense die weggaan hanteer.

Kom stap saam op die Kingdom trail! 20 Maart

Tydens die naweek van 20 Maart gaan 'n klompie van Stellastraat se jong volwassenes (van hulle jonger as ander) die **Kingdom trail** twee dag staptoer doen in Mpumalanga. Ons gaan Vrydag middag ry en die aand naby ons karre oorslaap. Saterdag oggend gaan ons stap tot by die hut waar ons gaan oorslaap en ons behoort Sondag middag terug in Pretoria te wees.

Daar is nog plek, as iemand sou belangstel om saam te kom. Al buitengewone toerusting wat jy gaan benodig is 'n slaapsak en 'n rugsak. Geen tente is nodig nie want ons gaan in hutte slaap en tekkies sal voldoende wees. Kontak vir Willem op 084-845-8936 of willemwannenburg@gmail.com vir verdere inligting.

Nogtans sal ons plant

- Neels Jackson



Daar word vertel (maar daar is blykbaar geen bewys daarvoor nie) dat die kerkhervormer Martin Luther sou gesê het: "Selfs al weet ek dat die wêreld môre sou vergaan, dan plant ek vandag my appelboom."

Of dit werklik Luther was wat dit gesê het, is nie belangrik nie. Baie mense vind hierby aanklank. Miskien omdat die uitspraak iets verraai van hoop teen alle wanhoop in, van positief leef ten spyte van omstandighede.

In 'n Suid-Afrika waar dit soms voel of alles besig is om te vergaan, is dit iets om oor na te dink - veral op Uitreiksondag. Want dit lyk my of dié soort vertrouwe ook ten grondslag lê van Christene se houding van leef om 'n verskil te maak.

Een manier waarop dit al meer in die NG Kerk gebeur, is deur 'n verskil te maak in die lewe van klein, arm kindertjies.

Op Strydenburg in die Noord-Kaap het ds Marais Kluge 'n klompie jare gelede vir my vertel van die brandarm bruin gemeenskap in hulle omgewing, en die maatskaplike verval wat daar plaasvind. Kinders word gebore, maar teen die tyd dat hulle moet skool toe gaan, is hulle so totaal onvoorbereid daarvoor dat die skoolstelsel met brutaliteit oor hulle speel. Uiteindelik word hulle groot met baie min opsies. Misdaad is een. Prostitusie vir die meisies. Of ten beste, die heel laagste vorm van ongeskoolde arbeid op plase.

En toe begin die NG gemeente daar met 'n kleuterskool waar hulle gesonde grondslae lê vir hierdie kinders se lewens. 'n Kleuterskool waar hulle goeie kos kry, waar hulle liggaamlik en verstandelik ontwikkel, en wat hulle skoolgereed skool toe stuur.

Toe die eerste kindertjies uit dié kleuterskool by die laerskool aankom, was die onderwyseresse in ekstase. Hier het hulle kinders wat kan leer, wat kan groei, wat kan ontwikkel.

Die visie is dat as hierdie kinders hulle skoolloopbane suksesvol kan voltooi, en dalk nog verder kan gaan leer, kan hulle eendag goeie werke met goeie salarisse kry. Dan kan hulle hulself uit die armoede uitlig, maar dikwels ook hulle families saam met hulle.

Sulke verhale speel in baie gemeenskappe in Suid-Afrika af. Baie NG gemeentes is by kleuterskole betrokke, ook Stellastraat, om so 'n verskil te help maak.

Want al lyk dit of die wêreld wil vergaan, plant ons. Met geloof. Ons plant mosterdsaadjies, wat groter kan groei as wat ons nou kan dink.

Adoramus in die Kapel

Sondagaand om tien voor ses vir sesuur lei **Anton** ons diens. Kom ons stel onself bloot aan stilte, musiek en woorde wat daartoe bydra dat God ons tot diep in die hart aanraak. Hy/Sy is aktief aanwesig by elkeen van ons, besig om in ons en deur ons te doen wat die beste is.

Biblioteek

Nuwe boeke in die **G-afdeling** oor ons optrede in ons werksplek:
John Bevere: Under Cover – Why your response to Leadership determines your Future.

Michael Rhodes & Robby Holt: Practicing the King's Economy – Honoring Jesus in how we work, earn, spend, save and give.



Baie welkom aan **Philip Matthys Dreyer**, en aan al die familie en vriende!



Baie welkom aan **Milah Sobia Esterhuizen**, en aan al die familie en vriende!